



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. *3 April 2022*

Vanoggend

Skrifgedeelte: Johannes 19:28-30

Tema: "Ek is dors."

Jesus se kruisdood was nie 'n tragiese lot wat oor Hom gekom het nie, maar 'n doelbewuste en gewillige oorgee van Homself tot in die dood. Dit sien ons in alles wat by die kruisiging gebeur, veral ook waar Jesus uitroep: "Ek is dors!"

Ons Program

Vandag: Vyfde Sondag in Lydenstyd

- Formele Erediens om 9:30 olv ds. Jaco Thom
- Deuroffer: Helpmekaar Studiefonds

Dinsdag 5 April: Skole open

- Ringsitting in Luckhoff
- Normaalklas 18:00 in die konsistorie – Gesprek 9

Sondag 10 April: Palmsondag

- Erediens om 9:30 en Ons Woning om 11:00 olv ds. Jaco Thom. Bring asb. palm- en ander groen takke, en klere om as donasie te gee, saam kerk toe.
- Sondagskool & Kategese
- Deuroffer: Teologiese Beursfonds

Ons Bybellees-program

Ons lees vandag 1 Samuel 26. As jy elke dag 'n kort oordenking oor die betrokke hoofstuk per WhatsApp wil ontvang, kontak gerus vir ds Jaco.



Só glo ons

Die Heidelbergse Kategismus


Vraag 37: Wat verstaan jy onder die woordjie "gely"?

Antwoord: Dat Christus na liggaam en siel tydens sy hele lewe op aarde, maar veral aan die einde daarvan, die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag gedra het. So het Hy met sy lyding as die enigste versoeningsoffer ons liggaam en siel van die ewige verdoemenis verlos en vir ons die genade van God, die geregtigheid en die ewige lewe verwerf.

Paasnaweek kom nader

Ons nader nou die einde van Lydenstyd. Dit het vanjaar begin met Aswoensdag op 2 Maart, en eindig op Stil Saterdag, 16 April.

Die datums verskil van jaar tot jaar omdat dit saamval met die outydse maan-kalender. Die Joodse Pasga is altyd op volmaan (vanjaar 16 April), en omdat ons Paasfees elke jaar oor 'n naweek val, verskil dit effens van die Joodse datum.



In dié tyd fokus ons op Jesus se laaste paar weke op aarde. Volgende Sondag is Palmsondag, en daarna is dit die Groot Lydensweek (in Engels "Holy Week"), waarin ons stilstaan by die laaste paar dae van Jesus se aardse lewe.

Vir baie Suid-Afrikaners is die Paasnaweek 'n langnaweek en 'n wegbreektyd, maar vir gelowiges is dit 'n tyd van geestelike verdieping; die hoogtepunt van ons kerkjaar.

Ons gaan op Wit Donderdag (14 April) 'n diens hou om 18:00, met nagmaal daarby. Ons Paasfeesdiens is Sondag 17 April, wanneer ons die Here Jesus se opstanding sal vier.

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week. Baie geluk! Mag dit 'n jaar vol van die Here se seëninge en genade vir elkeen van julle wees.

April

- 3 Lize Fourie; Lettie Nel (84j)
- 4 Attie Bester
- 6 Johnny Small (89j); Anna-Marie Terblanche
- 7 Sonja van Niekerk; Gerhard Venter



Huwelikshedenking

April

- 9 Gerdus & Adél Venter (17j)

Voorbidding

- Hubart Janse van Rensburg – skouer-operasie.
- Ronel de Wet – voet-operasie.
- Dr. Hannes Hartman – Behandeling vir kwaadaardigheid.
- Chrilene Human – Herstel nog by die huis, nog baie pyn.
- Oorlog in Oekraïne, vredesonderhandelinge, vlugtelinge en slagoffers



Moedersdagbasaar - 7 Mei

Die Vrouebediening in samewerking met die kerkraad is kliphard aan die reël vir dié basaar. As 'n kerkraadslid by jou uitkom met 'n basaarlys, vra ons dat jy dit asb ruim sal ondersteun. Ons het die finansies baie nodig! Ons vra baie mooi asseblief dat alle vorms teen 11 April sal in wees.

Manne-aand - Vrydagaand 13 Mei

Karibu Gastehuis – Wildsveiling met spitbraai-ete, hou asb die datum oop!

Ten Slotte

Gebed vir Lydenstyd n.a.v. Joh 12:1-8

O Here, wees ons, sondaars, genadig!

Ons wat ook soos Judas so geneig is om sommetjies te maak as ons ons lewe voor U bedink.

Ons wat uitreken wat ons gaan kry

in ruil vir dit wat ons gee vir U en vir u kerk.

Maak ons soos Maria, Here,

wat nie vra wat dit ons kos nie.

Maak ons mense wat geheel en al op U gerig is,

wat lewe vanuit die liefde wat U ons gee,

wat verstaan dat hoevél ons ook al vir U gee en doen,

dit nog altyd so min is as ons dink wat U vir ons gedoen het.

Maak ons mense wat in dankbaarheid en ootmoed

U elke dag volg.



Maak ons soos U, Here Jesus.

Amen.

<u>Leraar:</u>	Jaco Thom 084 523 1157 jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Kantoor:</u>	Madette Lombaard 053 574 0279 ngkpetrusburg@gmail.com
<u>Orrelis:</u>	Elmien Thom 084 562 3434 elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Koster:</u>	Annamarie Dercksen 072 499 4262 annamarie.dercksen@yahoo.com
<u>Webwerf</u>	www.ngkerkpetrusburg.co.za facebook NG Kerk Petrusburg
<u>Kantoorure</u>	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00
<u>Bankrekening</u>	ABSA Tjekrekening 2610580001